

- (1) Wat is die duurste – die skoene per paar of een broek – as 4 pare skoene R660 kos en 7 broeke R1 204 kos?

4 pare skoene kos R660

$$\therefore 1 \text{ paar skoene kos } \frac{R660}{4} = R165$$

7 broeke kos R1 204

$$\therefore 1 \text{ broek kos } \frac{R1\,204}{7} = R172$$

$\therefore$ 1 broek is duurder as 1 paar skoene

- (2) Anton weeg homself op sy huisskaal. Hy merk dat hy 84 kg weeg, maar by die mediese sentrum (wat altyd reg is), is sy gewig as 90 kg aangeteken. Indien sy sussie se gewig by die mediese sentrum aangeteken is as 60 kg, wat sal sy sussie se gewig wees indien sy haar op die huisskaal weeg?

$\frac{\text{Anton se gewig}}{\text{sussie se gewig}}$ (Mediese sentrum)

$$= \frac{90 \text{ kg}}{60 \text{ kg}}$$

$$= \frac{3}{2}$$

$$\therefore \text{Huis: } \frac{\text{Anton}}{\text{sussie}} = \frac{84 \text{ kg}}{x} = \frac{3}{2}$$

$$\therefore \frac{84}{x} = \frac{3}{2} \times \frac{28}{28}$$

$$\therefore x = 2 \times 28 = 56$$

$\therefore$ Op die huisskaal sal die sussie 56 kg weeg.

(3) Skryf die volgende verhoudings in eenvoudigste vorm:

$$(a) \frac{1}{8} : \frac{3}{4}$$
$$= \frac{\frac{1}{8}}{\frac{3}{4}}$$

$$= \frac{1}{8} \div \frac{3}{4}$$

$$= \frac{1}{8} \times \frac{4}{3}$$

$$= \frac{1}{6}$$

$$= 1 : 6$$

$$(b) 1,5 \text{ kg} : 4,5 \text{ kg}$$

$$= \frac{1,5 \text{ kg}}{4,5 \text{ kg}} \times \frac{10}{10}$$

$$= \frac{15}{45}$$

$$= \frac{1}{3}$$

$$= 1 : 3$$

(4) Daar is 36 tennisballe in 'n houer. Grant het net R160 om by te dra tot die totale koste van die houer met tennisballe. Die houer se totale koste is R288. Grant en Sean besluit om die balle eweredig te verdeel na aanleiding van elkeen se bydrae.

Hoeveel tennisballe sal Grant kry?

$$\text{Grant} \rightarrow R160$$

$$\therefore \text{Sean} \rightarrow R288 - R160 = R128$$

$$\therefore \frac{\text{Grant}}{\text{Sean}} = \frac{160}{128} \div \frac{32}{32} = \frac{5}{4} \quad (5+4=9)$$

$$\text{Aantal tennisballe Grant} \rightarrow \frac{5}{4} \text{ van } \frac{36}{1}$$

$$= \frac{5}{4} \times \frac{36}{1} = 20$$

$\therefore$ Grant sal 20 tennisballe kry.